# Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS — NET MY BESTE

21 Augustus 2026 Uitgawe: 5/3/2026


## UIT DIE KANTOOR

Daar is ’n groot opgewondenheid by die skool. Ek weet nie of dit die skielike verandering in die weer, die goeie uitslae van die afgelope twee weke se Rivista en kunswedstryd of Saterdag se groot Hokkiedag is nie. Almal het egter nuwe energie en sien uit na die lente wat nou vinnig nader kruip. Tradisioneel trek ons leerders vanaf 1 September weer somersdrag aan, maar indien die weer van so ‘n aard is, mag leerders reeds van volgende week somersdrag dra indien hul dit sou verkies. Hou maar egter net die weer dop.

Buiten die hokkieligas en kultuuroptredes van die kore, Pom-poms en Revue, vertrek ons tennisspanne ook volgende week op hul onderskeie tennistoere na Cradock en Potchefstroom. Die spelers oefen reeds die hele jaar lank en sien baie uit na die toernooie wat voorlê.

Vandag vind die Wesgrow-liga se hokkiewedstryde vir die o/13A-spanne by die UV plaas. Baie sterkte aan al die spelers. Soos altyd verwag ons dat jul net jul beste sal gee. **Let wel, skool sal normale tyd verdaag**.


Baie dankie aan al die ouers wat aangedui het dat hul Saterdag behulpsaam sal wees met verkope by die Tjokkie Hokkiedag. Dit is lekker om te weet dat ouers ook bereid is om die ekstra myl te stap. Baie dankie ook aan ouers wat behulpsaam was met skenkings vir hierdie groot dag. Vanjaar is daar 410 spanne wat deelneem van regoor die Vrystaat. Ons verwag dus meer as 5000 mense op die terrein, daarom moedig ek ouers aan om reeds vroeg te kom vir parkering (al speel jou kind eers bietjie later). **Let wel: GEEN TOEGANGSGELD SAL GEHEF WORD NIE.**

## ANDER

Plaveisel by hek 3 is klaar gelê. Rommel word egter Maandag eers weggery. Ouers kan daarna weer daardie hek gebruik vir op- en aflaai van leerders. Dankie vir u geduld tydens die werkery daar.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 21 Aug.: | Wesgrow- Hokkieliga (UV) |
| 22 Aug.: | Tjokkie Hokkiedag (UV) |
| 24 Aug.: | Tennisliga (d) |
| | Finansiële komitee vergadering |
| 25 Aug.: | Leerders ontvang toetswerk (Gr. 4-7) |
| 26 Aug.: | Sanlam Wow-spelfees (2de rondte) |
| | Tennistoer na Cradock |
| 27 Aug.: | Hokkieliga vs PBS (s-tuis) & JF (d-weg) |
| 28/29 Aug.: | Voortrekker PD Toetskamp (Doornkloof) |
| | FHP 7's Rugbytoernooi |



# VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 23 Aug.: | Juf. Lianza Grobler (RO) |
| | Juf. Celetia le Grange (Gr. 6) |
| 25 Aug.: | Mnr. Nicol Klopper (Musiek) |
| 26 Aug.: | Juf. Sue-Ann Louw (Gr. 2) |

**Sonder ‘n masker**

Romeine 12:9 DB

[9] Moenie net maak asof julle mekaar liefhet nie. Nee, gee regtig vir mekaar om.

Romeine 12:9 ABA

[9] Julle moet waarlik lief wees vir mekaar.

ROMEINE 12:9 AFR53

[9] Laat die liefde ongeveins wees;

God roep ons om mekaar opreg lief te hê. Die woord "ongeveins" is die Griekse woord "anupokritos" wat beteken "sonder ‘n masker".

Hierdie opregte liefde is eerlik, deursigtig, gegrond in waarheid en hou eers die ander persoon se belange in gedagte. Dit vergewe, dra mekaar se laste en tree op met aksie...nie net met woorde nie.

Om só lief te hê verg definitief hulp van Bo. Daarom moet ons naby die Bron van liefde bly. Ons kan net gee wat ons ontvang.

JOHANNES 13:34 NLV

[34] Ek gee julle ‘n nuwe opdrag: Julle moet mekaar liefhê; soos Ek julle liefhet, net só moet julle mekaar ook liefhê.